Kom geniet ‘n Vrugtefees saam met die Heilige Gees

Tema 5 – Die Vrug van die Gees is Vriendelikheid en Goedhartigheid

Uitkoms

Kinders is vriendelik en goedhartig teenoor die mense rondom hulle.

Inleiding – Poppekas

Kyk saam na die poppekas video van Sjef Fruity & Arabella.
Youtube - https://youtu.be/ijp5e4Md2QI (ongeveer 16.9MB / 03:55)

Boodskap – Oom Chris

Kyk saam of luister saam na die video of mp3-file van vandag se boodskap deur oom Chris.
Youtube - https://youtu.be/9P8A0xuM4hs (ongeveer 11.1MB / 07:50) OF
MP3 - http://www.parke.co.za/kinderpinkster2020/boodskap05.mp3 (0.87MB / 07:24)

Memoriseervers

Johannes 15:5 “Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.”

Storie

Saai liefde (en vriendelikheid en goedhartigheid)

Op pad huis toe dink Bryan aan al die probleme wat hy die afgelope tyd ondervind. Werk is skaars en hy oorleef net-net. Hy is so ingedagte dat hy amper nie die motor langs die pad raaksien nie. Dit was byna aand, maar hy kan duidelik sien dat die vrou by die motor hulp nodig het.

Selfs sy breë glimlag verander nie die bekommerde uitdrukking op haar gesig toe hy nader stap nie. Bryan kom dadelik agter dat die vrou bang is dat hy haar sal seermaak. Hy stel haar gerus: “Ontspan, Mevrou, ek wil u help. Waarom wag u nie solank in die motor waar dit warmer is nie? O ja, my naam is Bryan.”

Gelukkig het haar motor net ‘n pap band en dit neem Bryan nie lank om dit reg te maak nie. Die vrou kan nie genoeg dankie sê toe hy klaar is nie en wil weet wat sy hom moet betaal. Bryan het glad nie aan geld gedink nie, hy help mos met sy naaste in nood. Maar hy sê toe dat as sy hom regtig wil terugbetaal, sy volgende keer wanneer sy iemand sien wat hulp nodig het, daardie persoon moet help. Bryan voel baie beter toe hy huis toe ry. Hy kon iemand help al sukkel hy steeds met sy eie probleme.

‘n Paar kilometer verder sien die vrou ‘n petrolstasie met ‘n restaurant. Sy hou stil om iets daar te eet. Daar is net een kelnerin aan diens. Sy kom met ‘n breë glimlag aangestap ten spyte daarvan dat

die dag lank was. Die vrou sien dadelik dat die kelnerin swanger is, en sy dink daaraan dat dié meisie baie swaar moet kry om sulke lang ure op haar voete te wees. Toe dink sy aan Bryan se laaste opmerking.

Nadat sy geëet het, gee sy ‘n R100-noot vir die kelnerin. Sy wag nie vir haar kleingeld nie, maar glip saggies by die deur uit. Toe die kelnerin met die kleingeld terugkom, is die vrou weg. Op die tafel lê ‘n servet waarop iets geskryf staan. Toe sy dit optel, sien sy dat daar R600 onder die servet lê. Op die servet staan geskryf: “Jy skuld my niks. ‘n Wonderlike man het my vandag gehelp soos ek jou nou help. As jy my regtig wil terugbetaal, doen die volgende: Moenie toelaat dat hierdie liefdesketting by jou eindig nie.”

Daardie aand klim die kelnerin moeg in die bed. Sy dink weer aan die geld en die vrou se briefie. Hoe het die vrou geweet hoeveel geld sy en haar man nodig het? Wannneer die baba volgende maand gebore word, gaan hulle elke sent nodig hê. Sy weet hoe bekommerd haar man oor die situasie is. Toe buk sy oor hom waar hy langs haar lê en slaap, soen hom en fluister saggies: “Alles sal regkom. Ek is lief vir jou Bryan.”

Bespreek:

1. Wat kan julle as groep doen om deel te wees van God se liefdesketting van goedhartigheid?

Aktiwiteit

VRIENDELIKHEID – Soek die woord (sien volgende bladsye)

VRIENDELIKHEID – Verbind die stippels (sien volgende bladsye)

Verbind die stippels sodat jy die vrug kan teken.
Kleur elke vrug in.
Skryf in elke vrug ‘n ander idee hoe om vriendelik te wees.
Wys dan dat die Heilige Gees in jou woon deur vriendelik te wees.

GOEDHARTIGHEID – Soek nog woorde…

Skryf die woord "Goedhartigheid" neer op 'n papier. Kyk of jy 10 of meer woordjies kan maak uit die woord "Goedhartigheid". Jy het nie nodig om Scrabble-blokkies te gebruik nie. Skryf dit sommer neer. As julle Scrabble het dan is dit 'n lekker speletjie om jou boetie of sussie te nooi om saam te speel. Wys dan dat die Heilige Gees in jou woon deur goedhartig te wees.

VRIENDELIKHEID – Soek die woord

Onderaan hierdie woordsoekblok is verse uit die Bybel. Gebruik jou Bybel en soek die verse op. Vul die ontbrekende woord in die spasie. Soek dan die woord wat jy ingevul het in die woordsoekblok. Kleur of omkring die woord. Onthou die woord kan reguit, skuins of agteruit, op of af wees.

V	E	R	A	N	D	E	R	A	W	Y	G	Y	L	B
A	R	B	W	U	T	D	E	S	R	P	F	G	O	V
B	H	I	J	N	M	K	L	V	O	R	A	K	A	R
A	M	H	E	R	E	J	E	S	U	S	N	R	B	Y
N	D	L	P	N	T	U	V	W	F	V	S	O	S	G
G	G	F	I	I	D	N	A	Y	V	R	P	O	D	E
A	L	E	W	E	V	E	L	O	K	U	J	N	Y	S
Y	H	T	G	R	F	E	L	D	W	S	A	S	D	P
M	L	N	K	B	J	V	H	I	W	A	E	D	M	R
U	R	F	W	Y	N	S	T	O	K	T	G	Y	H	E
O	N	S	T	E	L	D	V	B	N	H	M	L	K	E
R	U	T	R	E	W	P	U	Y	H	J	E	K	L	K
T	I	R	V	R	U	G	T	E	W	V	N	I	A	E
E	M	R	J	H	B	A	E	R	J	N	E	I	D	D
G	A	M	R	G	E	N	A	D	E	D	H	W	A	M

1. Ons word al meer _____ om aan die beeld van Christus gelyk te word. (2 Kor 3:18)

2. Wees altyd ___ in die Here! (Fil 4:4)

3. Die vrug van die Heilige Gees is _____. (Gal 5:22)

4. God het ons dan nou _____ omdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons ____ _____ Christus. (Rom 5:1)

5. Ek wil luister na wat God die Here sê, want sy woord bring vrede vir sy volk, vir die wat Hom _____ ____. (Ps 85:9)

6. Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie _____ wees nie, en julle moet nie ____ wees nie. (Joh 14:27)

7. As jou _____ honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte. Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie. (Rom 12:20-21)

8. Ek is die _____, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie _____, want sonder My kan julle niks doen nie. (Joh 15:5)

9. Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die ____ as _____ gee. (Op 2:10)

10. Want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy _____. (1Pet 5:5)

(Vind die antwoorde op die laaste bladsy.)

VRIENDELIKHEID – Verbind die stippels



VRIENDELIKHEID – Soek die woord (ANTWOORD)

V	E	R	A	N	D	E	R	A	W	Y	G	Y	L	B
A	R	B	W	U	T	D	E	S	R	P	F	G	O	V
B	H	I	J	N	M	K	L	V	O	R	A	K	A	V
A	M	H	E	R	E	J	E	S	U	S	N	R	B	R
N	D	L	P	N	T	U	V	W	F	V	S	O	S	Y
G	G	F	I	I	D	N	A	Y	V	R	P	O	D	G
A	L	E	W	E	V	E	L	O	K	U	J	N	Y	E
Y	H	T	G	R	F	E	L	D	W	S	A	S	D	S
M	L	N	K	B	J	V	H	I	W	A	E	D	M	P
U	R	F	W	Y	N	S	T	O	K	T	G	Y	H	R
O	N	S	T	E	L	D	V	B	N	H	M	L	K	E
R	U	T	R	E	W	P	U	Y	H	J	E	K	L	E
T	I	R	V	R	U	G	T	E	W	V	N	I	A	K
E	M	R	J	H	B	A	E	R	J	N	E	I	D	D
G	A	M	R	G	E	N	A	D	E	D	H	W	A	M